NG Kerk in Oos-Kaapland - Netwerk vir Navorsing

GEREFORMEERDE IDENTITEIT IN TIEN STELLINGS

Piet Naudé, Port Elizabeth

Wat hier volg, is ‘n poging om in enkele paragrawe ‘n duidelike en verstaanbare profiel te teken van ‘n Gereformeerde verstaan van die evangelie.

1. Uit historiese perspektief is dit belangrik om te weet dat Gereformeerdes stam uit die breër stroom van die **Protestantisme** met sy oorsprong in 16de eeuse Europa. As “protesteerders” teen die destydse vertekening van die evangelie in die Rooms Katolieke Kerk, was dit ‘n poging om die kerk van binne te hervorm (“reformeer”). Dit het deur ‘n bittere geloofstryd en vervolging uiteindelik op die vorming van nuwe kerke uitgeloop: aanvanklik Lutheraanse en Gereformeerde kerke, en later vele meer, insluitende byvoorbeeld Presbiteriane en Metodiste. Langs die omweg van die Nederlande het die Gereformeerde geloof die suidpunt van Afrika bereik en mettertyd is ‘n groot aantal inheemse kerke tot in Midde- en Oos-Afrika gevorm. Vandag is die Gereformeerde verstaan van die evangelie tuis in talle kontekste oor die hele wêreld.

2. Die Christelike geloof het in ‘n **hele paar tradisies** ontwikkel - elk met sy eie kenmerke - terwyl basiese waarhede tog genoeg ooreenstem dat ons van een Christelike familie kan praat:

* In die **Katolieke en Ortodokse tradisies** staan die sakramente sentraal, is die kerklike tradisie normatief, en word kerklike gesag hiërargies vergestalt.
* In die **Pentekostalistiese tradisie** staan die vrye werking van die Gees sentraal, is profetiese insig in elke nuwe tyd normatief, en word kerkverband onderbeklemtoon ten gunste van vrye individuele gemeentes met sterk leiers.
* In die **Gereformeerde tradisie** staan die Bybel sentraal, is belydenisskrifte omdat hulle met die Bybel ooreenstem normatief, en word kerklike gesag Christologies en binne kerkverband verstaan (Christus is die enigste hoof en kerkleierskap is posisies van diens en nie van heers nie)

3.. Een van die bondigste maniere om die kern van Gereformeerdheid uit te druk, is via **die vier “solas”**:

* Teenoor die tradisie soos vasgelê in leeruitsprake, en kerklike beheer oor die uitleg van die evangelie, en teenoor natuurlike kennis van God, staan **sola Scriptura** (net die Skrif).
* Teenoor bemiddeling deur die priesteramp, staan **solus Christus** (net Christus).
* Teenoor enige natuurlike grond waarop God ons sou red, staan **sola gratia** (genade alleen)
* Teenoor enige vorm van goeie werke om jou vir God aanvaarbaar te maak, staan **sola fide** (geloof alleen).

Hierdie “solas” was uiteraard aanvanklik teen die Rooms Katolieke wanpraktyke gemik, maar word in nuwe tye altyd weer vanuit ander oorde onder druk geplaas. Hulle moet derhalwe telkens kontekstueel hersien word. Dit gee uitdrukking aan die leuse van die Reformasie dat ons altyd weer volgens die Skrifte moet reformeer (*semper reformanda*). ‘n Verstokte Gereformeerde kerk is ‘n kontradiksie in terme.

4. Omdat Gereformeerdes die Bybel ernstig wil neem, en glo dat die evangelie nuut in elke tyd en plek gehoor moet word, is **prediking as getroue Skrifuitleg die hart van die erediens**. Kerkgeboue is ook so ontwerp dat nie die altaar of die konsertverhoog nie, maar die kansel in die middelpunt staan. Hier word berymings gesing wat na aan die Skrif lê, en word Skrifkennis as onderrig in die geloof (kategese) ernstig geneem.

5. Juis omdat die kontekstuele verstaan van die Bybel so belangrik is, is die Gereformeerde tradisie die enigste een waarin **belydenisskrifte** voorkom. Dis kerklike dokumente wat die kernwaarheid van die evangelie op gegewe momente uitspreek om die Bybel so te beaam en versterk. Belydensskrifte word aanvaar omdat hulle met die Bybel ooreenstem. Die Drie Formuliere van Eenheid kom uit die Nederlandse Gereformeerde wêreld en in Suid-Afrika is die Belhar-belydenis in 1986 as vierde belydenisskrif van die destydse NGSK (nou die VGKSA) aanvaar. Daar is talle voorbeelde van nuwe geloofsverklarings en belydenisse om dwalinge te bestry en die evangelie vars te laat klink in veranderde omstandighede.

6. Gereformeerdes lees die Bybel as historiese en literêre dokument, ingebed in die kulturele wêreld van die Bybelse tyd. Dit verhinder nie, maar versterk juis die belydenis dat **die Bybel God se Woord in mensetaal is**. ‘n Fundamentalistiese lees wat tekste onhistories aan mekaar verbind of die “foutloosheid” van die Bybel aanhang, word afgewys as eties onbruikbaar en polities gevaarlik. Eweneens word ‘n lees wat die Bybel gelykstel met kerklike leeruitsprake afgewys, omdat alle dogmas altyd weer aan insig uit die Skrif getoets moet word.

7. Sou ‘n mens ‘n hermeneutiese sleutel kies waarmee Gereformeerdes die Bybel lees, sou die **verbondsperspektief** ‘n goeie keuse wees. Dit stel Gereformeerdes in staat om albei Testamente ernstig te neem, die Triniteit in hul eenheid en onderskeidenheid te aanbid, die verbondsdoop as beste uitdrukking van God se genade te beskou, en die doop en Nagmaal as twee verbondstekens te gebruik. Die uitverkiesing as God se vrye genade moet ook sterk binne verbondsterme gelees word anders ontaard dit in ‘n troostelose leer van God wat deterministies kies op grond van vooruitgesiene geloof. Teenoor die Lutherse skeiding tussen wet en evangelie, behou Gereformeerdes ook die wet as “riglyn vir dankbaarheid” wat die basis vorm vir ‘n duidelike sosiaal-etiese kant aan hierdie geloof.

8. Die sterk opkoms van kerke en groepe in die **Pentekostalistiese tradisie** in die laat 20ste eeu, noop ‘n duideliker onderskeid tussen hierdie groepe en die Gereformeerde opvatting van die evangelie. Natuurlik kan Gereformeerdes ook veel van hierdie broers en susters leer – onder andere hul sterk bewussyn van God se krag, hul gees van aanbidding, en hul ywer vir getuienis. Tog is daar klemverskille:

8.1 **Betreffende die werking van die Heilige Gees**, is daar vir Gereformeerdes ‘n enger verbintenis tussen die Gees aan die een kant,en God se bekendmaking in Jesus Christus en die Woord aan die ander kant. Gevolglik is daar minder ruimte vir “bonatuurlike visioene” en “vrye profesie” en ‘n soberder nadenke oor die Woord in elke nuwe konteks.

8.2 **Betreffende die rol van gevoel en emosie**, is Gereformeerdes van huis uit versigtig dat die objektiewe beloftes van God as bron en grond van ons geloofsekerheid nie vervang word met hoe naby mense aan die Here voel of hoe emosiebelaai lofprysing en aanbidding is nie. Calvyn had die brandende hart as simbool, en die Reformasie was ‘n magtige liturgiese vernuwing met musiek en sang in eie taal. Om te beweer dis net ‘n “kop-tradisie” is om Gereformeerd eensydige te verteken. Wie die blye evangelie hoor, kan nie anders as om te bely en te loof nie. Maar dan is bely en loof die resultaat van ‘n konfrontasie met die evangeliewoord, en nie in die eerste plek van ‘n bedrywige kreawiteitsbestuurder nie. Natuurlik kan hierdie Woord op verskillende maniere en in verskillende media gedra word, maar daar bly ‘n voorkeur vir die lees en verhelderende uitleg van die Bybel.

8.3 **Betreffende die doop**, staan Gereformeerdes by die verbondsdoop as beste uitdrukking van God se liefde buite ons eie wil en keuse om.

8.4 **Betreffende die gawes van die Gees**, verwerp Gereformeerdes een gawe (bv talespraak) as uitsluitlike teken van Geesvervulling. Klem val daarop dat alle gawes (genesing, lering, ensovoorts) tot opbou van die gemeente sal wees, en dat die liefde die allerbeste gawe van almal is.

8.5 **Betreffende die "doop met die Heilige Gees"**, aanvaar Gereformeerdes dat Christene die heiligmaking moet najaag, maar terselfdertyd dat niemand kan bely dat Jesus die Christus is sonder die Gees nie. Daar is dus nie mense wat "meer" en "minder" van die Gees het nie, omdat God se Gees Self 'n Persoon en dus onverdeelbaar is. 'n "Doping met die Gees" as aparte tweede en derde ervaring naas die bekering word dus afgewys, hoewel ons onder leiding van die Gees leer hoe om te bid, en toeneem in wysheid en insig in die wil van die Here. Daar is in die tradisie van "gelyktydig sondaar en geregverdig" natuurlik verskille in gehoorsaamheid en 'n wandel in die Gees; en mense kan (soos die Bybel leer) die werking van die Gees inderdaad weerstaan en selfs uitblus om later tot n nuwe wandel in die Gees te kom.

8.6 **Betreffend die opvatting van die plaaslike gemeente**, is Gereformeerdes altyd kerk-in-verband en staan hulle afwysend teenoor vorme van kerkplanting wat om welsprekende individue gebou, en buite enige verband gestig word. Die eenheid van die verband, en eenheid met die hele Christelike familie is van deurslaggewende belang omdat Christus net een bruid het.

9. Daar is talle lyste beskikbaar van wat "tipies Gereformeerd" sou wees. Een terugkerende motief is dat Gereformeerdes (op voetspoor van veral Calvyn) vas glo dat **God se heerskappy oor die ganse skepping** en elke dimensie van die samelewing uitstrek. Hier is 'n sterk koninkryksperspektief met 'n wil om die regswese, die opvoeding, politiek en ekonomie so te omvorm dat dit altyd weer beter aan die Here se wil sal beantwoord. Gereformeerdes is sosiaal en maatskaplik betrokke, neem die Christelike etiek ernstig, en verstaan dat die amp van die gelowige (Christene in die woon- en werkplek) die eintlike vorm van kerkwees in die wêreld is.

10. Gereformeerdes het dwarsdeur hul geskiedenis 'n sterk rol in **die ekumene** gespeel. Hier is 'n sterk afwysing van 'n sektariese gees van afskeiding en kerkskeuring, 'n openheid om by ander te leer, en 'n eksplisiete teruggryp op die simbole van die vroeë kerk, te wete die Belydenisse van Nicea en Atanasius en die Apostoliese Geloofsbelydenis ("twaalf artikels"). Gereformeerdes verstaan hul tradisie nie as 'n nuwe, vreemde rigting nie, maar in kontinuïteit met die een, heilige, katolieke en Christelike kerk van alle eeue en op alle plekke. En hulle weet dat die kerk se toekoms verseker is omdat Christus 'n Koning is wat nooit sonder onderdane kan wees nie.

Aan God alleen die eer!